

Drie voorstelle vir jou hoof-argument

Hier is drie voorstelle vir jou hoof-argument. Onthou: Hulle is wedersyds uitsluitend. Dit beteken dat jy net **een** van hulle moet kies, en dan ten gunste van daardie voorstel moet argumenteer:

1. **OPSIE 1:**

As jy glo dat die huidige tuisonderwys-artikels in die BELA Bill so 'n gemors is dat dit geskrap moet word en oorgeskryf moet word, dan is hierdie opsie vir jou.

As redes vir jou argument kan enigeen van punte a.-i. onder Opsie 2 hieronder, asook die argumente in [hierdie skakel](#). Die artikel in die skakel gee ook spesifieke items waarvoor jy kan vra in jou voorlegging.

Jy kan verder ook verduidelik dat aangesien jy jou kind nie in die **skool** gesit het nie, jy nie kan verstaan waarom jou kind se onderwys deur die SA **Skolewet** gereguleer moet word nie. Jy kan ook noem dat jy jou kind se beste belange voorop stel, soos wat die Grondwet en die Kinderwet vereis, en dat die Kinderwet voldoende beskerming vir jou kind se regte verskaf.

2. **OPSIE 2:**

As jy glo dat die DBO wel tuisonderwys moet reguleer, maar dat die wyse waarop dit in die BELA Bill gedoen word, problematies is, kan jy vra dat die huidige BELA Bill verander moet word. Hieronder is sommige van die mees algemene veranderinge wat tuisskolers graag wil sien:

a. In-kennis-stelling in plaas van registrasie. Die ouer stel die Departement met ander woorde in kennis dat hulle gaan tuisskool, in plaas daarvan om toestemming te vra. [Klik hier](#) om sommige van die argumente ten gunste van hierdie verandering te lees.

b. Kies die kurrikulum/benadering wat werk vir jou kind. Ouers moet die vryheid hê om 'n kurrikulum of benadering te kan kies, asook die metode van assessering wat geskik is vir die kurrikulum of benadering (nie CAPS nie). [Klik hier](#) om van die argumente te lees wat ten gunste van so 'n verandering is.

c. Tuisbesoeke moet geskrap word. Jy versoek dat die bepaling dat 'n tuisbesoek voor registrasie gedoen moet word, geskrap word. [Klik hier](#) vir argumente ten gunste van hierdie verandering.

d. Tuisonderwys behoort só gedefinieer te word dat dit voltydse tutors by die huis insluit, asook tuisonderwys onder ouertoesig op ander plekke as by die huis. Jy versoek dat die definisie van tuisonderwys helder en presies omskryf word, en dat dit voltydse tutors insluit, asook tuisonderwys op plekke wat nie die kind se huis is nie (soos die biblioteek). [Klik hier](#) vir argumente ten gunste van hierdie versoek.

Ander aspekte wat dikwels genoem word, wat jy moontlik kan aanspreek, sluit die volgende in:

e. Die definisie van basiese onderwys, wat basiese onderwys omskryf in terme van die Nasionale Kurrikulum.

f. Die koste van jaarlikse assesserings.

g. Die beperktheid van jaarlikse assesserings

h. Die feit dat opvoedkundige sielkundiges en arbeidsterapeute uitgesluit word uit die omskrywing van “kompetente assessors”.

i. Die feit dat die mag het om regulasies oor tuisonderwys te maak.

3. OPSIE 3:

As jy van mening is dat die DBO (Departement van Basiese Onderwys) geen belang behoort te hê in die regulering van tuisonderwys nie, is Opsie 3 die opsie vir jou. Jy kan byvoorbeeld redeneer dat kinders wat nie in die skool is nie, maar wat tuisonderwys ontvang, nie deur die SA Skolewet behoort gereguleer te word nie, en dat die Kinderwet beter beskerming aan die tuisskoolkind bied.

Hier kan jy klem daarop lê dat jy tuisonderwys gekies omdat dit in jou kind se beste belang is en dat die Handves van Menseregte in Artikel 28(2) dit soos volg stel: “n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.”

[Klik hier](#) vir voorbeelde van argumente ten gunste van hierdie posisie, asook vir idees vir versoeke van jou kant af.

P **Pestalozzi Trust** (IT6377/98) www.pestalozzi.org

die regsfonds vir tuisonderwys *the legal defence fund for home*
en gemeenskapsonderwys *and community-based education*

Posbus/ PO Box 12332 Queenswood Pretoria 0121 Tel: (012) 330 1337 defensor@pestalozzi.org Web:
<https://www.pestalozzi.org>

Important: This communication does not constitute legal advice. Belangrik: Hierdie kommunikasie bevat nie regsadvies nie.